

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Doel van die ondersoek

Die doel van die ondersoek is om te bepaal of tradisionele kleuterskole enige bydrae lewer tot die kognitiewe ontwikkeling van blanke voorskoolse kinders in Transvaal.

Die inhoud van tradisionele kleuterskole is gewoonlik informeel, ongestruktureerd en sonder 'n duidelik omskrewe kurrikulum. Die fokus val op leer deur spel, op kreatiwiteit en om te wag tot die kind gereed is om te leer, eerder as om metodes te ontwerp wat die kind stimuleer (Blackstone, 1970, p. 3). Die vraag ontstaan nou of sulke ongestruktureerde kurrikula, sonder enige spesifieke kognitiewe doelstellinge enige bydrae tot die kognitiewe ontwikkeling van die kleuter lewer.

Blykbaar is daar in die R.S.A. nog geen navorsing gedoen oor die invloed van onderwysprogramme op die kognitiewe ontwikkeling van kleuters nie. Daar bestaan dus nie 'n wetenskaplik gefundeerde kleuteronderwysprogram wat tipies Suid-Afrikaans is nie. Die klem val blykbaar op die informele karakter van kleuteronderwys. Die onderwys word so min as moontlik gestruktureer (Van Zyl, 1975, pp. 7-8).

Die konvensionele kleuterskool se doelstellinge met

kleuteronderwys is gewoonlik uiteenlopend, vaag gedefiniëer en beklemtoon meer die sosiale, fisiese en emosionele ontwikkeling van die kind eerder as sy kognitiewe ontwikkeling. 'n Omgewing word voorsien waarin die kind 'n hoeveelheid aktiwiteite kan beoefen. Die klem val op spontaneïteit en dikwels word dit beklemtoon dat die onderwyser se direkte leiding tot 'n minimum beperk word.

Onderliggend aan hierdie kleuterprogramme, is 'n kindgesentreerde filosofie wat vrye ontwikkeling beklemtoon: die kind moet leer deur ontdekking en vrye spel (Blackstone, 1970, pp. 3-5). Die uitgangspunt van die Transvaalse Onderwysdepartement kan ook onder hierdie siening gekategoriseer word: kleuteronderwys beoog die maksimum ontwikkeling van die kind in sy totaliteit en dit moet die gesinslewe aanvul (T.O.D. 1967, p. 5). Dit sluit in die harmoniese ontwikkeling van die kind se psigiese, fisiese en intellektuele vermoëns en sy estetiese, etiese en religieuse vorming (T.O.D. 1967, p. 64). Die kleuter word op informele wyse geleenthede gebied om volgens dié uitgangspunt tot sy maksimum te ontwikkel, afhanklik van sy aanleg en vermoëns.

Verstandelike ontwikkeling wat gebaseer is op die kind se aangebore nuuskierigheid, waarneming, die strewe om te ontdek, sy taalvermoë, moet op natuurlike wyse - spelenderwys - en nie op formele wyse soos in die laerskool nie, geskied (T.O.D. 1966, pp. i & ii). Volgens Oosthuizen (1971, p. 52) bestaan daar geen algemeen geldende voorgeskrewe program nie. Grey (1974, p. 13) beweer ook dat die program geensins voorskriftelik is nie en word nie slaafs nagevolg nie.

Waarskynlik word die kognitiewe ontwikkeling van die kleuter met so 'n ongestruktureerde program, waarin die onderwyseres nie intensioneel ingestel is op kognitiewe ontwikkeling nie, verwaarloos ten koste van die affektiewe en sosiale vorming.

In teenstelling met die tradisionele skool is daar deesdae baie opstellers van programme wat beweer dat kleuters geen onreg aangedoen word as hulle intellektueel uitgedaag word nie. Op hierdie stadium van ontwikkeling is nie net die emosionele en sosiale ontwikkeling vir die kleuter kritiek nie, maar ook sy kognitiewe ontwikkeling (vgl. par. 2.2.3). Volgens hulle word kinders se vermoëns onderskat. Eintlik is die kleuter in staat om meer intellektuele inhoud te verwerk as wat tans aan hom gebied word. Kinders vind op hierdie ouderdom die uitdaging om hulle intelligensie in te span, interessant en opwindend, op voorwaarde dat die uitdaging op die regte tyd en op die regte manier aangebied word.

Die moderne kleuterskool ontken nie die voorskoolse kind se drang na skepping en selfuitdrukking nie. Hulle suggereer egter dat die kind se skeppingsdrang sowel as hulle kennisie meer paslik gekanaliseer word (Elkind, 1973, p. 112).

Daar bestaan dus eintlik twee waardestelsels. Die een is kindgeoriënteerd - die kind se individualiteit, dit wil sê sy persoonlike behoeftes en beperkinge geniet voorrang. Die kind se ingebore eienskap van gereedheid sal self bepaal wanneer hy met sekere kennisinhoud gekonfronteer mag word. Intussen moet hy net voorsien word van 'n optimale

omgewing, waarin hy kan grootword en sy eie talente en bekwaaamhede kan ontwikkel. Die ander waardestelsel is meer doelgeoriënteerd: die voorskoolse opvoeding moet help om die kind se moontlikhede en vaardighede so vroeg moontlik te ontwikkel en dit sal hom sy hele lewe bybly.

Omdat dit in die praktyk gebeur dat een program baiekeer op een aspek van ontwikkeling konsentreer en 'n ander aspek verwaarloos, hoop die ondersoeker om met sy ondersoek hierdie leemte uit te lig. Onses insiens behoort alle aspekte saamgevat te word tot 'n konsepsuele geheel, omdat geeneen van die aspekte van menslike ontwikkeling soos die fisiese, affektiewe, sosiale en kognitiewe geïsoleerd bestaan nie. As daar in die kleuterfase net op die sosiale, emosionele en fisiese ontwikkeling gelet word en nie ook op die kognitiewe ontwikkeling nie, dan is dit 'n geval van "fertilizing only a few soil examples when our real aim is to fertilize the whole field" (Kamarii & Radin, 1973, p. 95). Hoe meer die kind dus sy voor-operasionele intelligensie gebruik, hoe meer behoort sy kognitiewe struktuur te ontwikkel.

Die motief agter die ondersoek, is dat daar herbesin sal word oor kleuteronderwys in Transvaal, dat die programme hersien sal word sodat die inhoud van die kurrikulum kinders sal aktiveer om hulle reedsverworwe kennis toe te pas; om nuwe skemas te bou deur differensiasie en integrasie van vorige gestruktureerde skemas en 'n metode sal toepas waarin die onderwyser 'n meer aktiewe rol speel.

Daar bestaan twee denkrigtings oor kognitiewe vorming in die kleuterskool:

- (a) Die aangebode leerstof moet aanpas by die kind se vlak van ontwikkeling - hy moet met ander woorde eers "gereed" wees vir die stimuli uit sy omgewing.
- (b) Intelligensie is beïnvloedbaar deur interaksie met die omgewing en deur onderrig.

Die Transvaalse Onderwysdepartement volg die gereedheidsiening. Die doel van die kleuteronderwys is dus nie kognitiewe ontwikkeling nie. Hierdie ondersoek wil aantoon dat die programme wat gevolg word inderdaad nie bydra tot kognitiewe ontwikkeling nie. Leerlinge wat dus 'n kleuterskool besoek het, is in graad een nie kognitief verder ontwikkel as die wat nie 'n kleuterskool besoek het nie.

1.2 Program van ondersoek

Omdat die ondersoek handel oor kognitiewe ontwikkeling, word hoofstuk 2 ingelei met wat die term "kognitiewe ontwikkeling" behels. Kognitiewe psigoloë se sieninge oor intelligensie-ontwikkeling het juis aanleiding gegee tot 'n herwaarderling van kurrikula van aangebore kleuterprogramme; daarom word hulle teorieë ook kortliks in hierdie hoofstuk bespreek. Die ontwikkelingsteorie van Piaget geniet besondere aandag omdat hy veral die vraagstuk van die denkontwikkeling van kinders onder die soeklig geplaas het. Hoofstuk 2 handel dus in sy geheel oor die teorieë van intelligensie-ontwikkeling.

Die doel van die ondersoek is om te bepaal of kleuterskole 'n bydrae lewer tot die kognitiewe ontwikkeling van die kleuter. Dit is daarom nodig om te weet hoe die kognitiewe ontwikkeling van die kleuter verloop. (Dit word in

hoofstuk 3 bespreek.) Die voorbegripsmatige fase word nie alleen gekenmerk deur die ontwikkeling van die simboliese funksie nie, maar sy persepsuele waarnemings word geleidelik verinnerlik tot denkhandelinge. Gelyktydig met hierdie denkontwikkeling, raak die kind vry van tekortkominge, soos egosentrisme, sentrerings en transduktiewe denke wat hom gekortwiek het om begrippe te vorm. Omdat die fase 2- tot 11-jaar saamgevat word as 'n periode van konkrete denkhandelinge en omdat die verinnerliking van denke die vorming van begrippe ten gevolg het, word in hierdie hoofstuk ook die denkontwikkeling van die konkret-operasionele fase behandel. Hierdeur word 'n geheelbeeld van die denkontwikkeling van die konkrete fase, wat die formele denke voorafgaan, verkry.

Geoordeel aan die getal kleuterprogramme wat na 1960 die lig gesien het na aanleiding van die kognitiewe teorieë, kan afgelei word dat hierdie teorieë 'n invloed behoort te hê op kleuteronderwys. In hoofstuk 4 word die verskillende terreine waarop die teorieë hulle invloed laat voel, behandel - dit sluit ook die kognitiewe doeleindes in en die metodes wat op hierdie doeleindes volg.

Met die inhoud van die vorige hoofstukke as vertrekpunt, ontstaan die vraag of die verskillende aangebode programme die kind kognitief vorm? Die antwoord kan alleen verstrekkend word as die siening waarop die verskillende programme gefundeerd is, onder oë geneem word; as 'n voorbeeld van 'n tipiese program wat uit so 'n siening ontspruit behandel word en as die programme geëvalueer word ten opsigte van hulle kognitiewe bydrae tot die kleuter. Dit word in hoofstuk 5 gedoen.

In hoofstuk 6 word die metode van ondersoek uiteengesit. 'n Aantal denктоetse, geskoei op die werke van Piaget, is aangebied aan 104 Afrikaanssprekende leerlinge uit die Potchefstroomse laerskole.

Die ondersoek word afgesluit met die verwerkings van die gegewens wat uit die toetse verkry is, die afleidings wat uit die resultate van die toetse verkry is, en aanbevelings insake kleuteronderwys (hoofstuk 7).